

NG Kerk in Oos-Kaapland

RINGSPROJEK-AANSOEKVORM

- Aansoeke om Ringsprojekte word, ter wille van billike evaluering, eenvormig op hierdie vorm ingedien.
- Die vorm help ringe, projekvoorstellers en projekteleiers al die ter sake inligting te verskaf.
- Die Ringsprojekplan is 'n dokument van voornemende optrede waarin aangedui word wat, hoe, wanneer, vir watter doel en met watter bronne, die projek van stapel gestuur word.
- Die Handleiding vir Ringsprojekte moet vooraf deurgelees word. Dit is op ons webblad beskikbaar by www.ngkok.co.za/ring/rp-handleiding.pdf
- Die projekaansoek moet behoorlik onderteken word. Faks of pos die getekende voorblad wanneer die projek per e-pos ingedien word.
- **SLUITINGSDATUM:** Jaarliks op 30 September.

1. PROJEKNOMMER (Slegs vir kantoorgebruik)

9.1


2. BESONDERHEDE van PROJEK

Naam van Ring: Ring van Port Elizabeth

Titel van Projek: Gemeenskapskool en Opleiding

3. BESONDERHEDE van PROJEKLEIER

	Projekteleier
Naam:	Liesel du Plessis
Posadres:	Anchor of Hope Community Development Edward Straat 1, Richmond Hill, Port Elizabeth
E-pos:	admin@anchorofhope.org.za
Faks:	041 585 3700 (Anchor of Hope Community Development)
Tel. (k):	041 585 3700
Tel (h):	041 3683821
Selfoon:	082 655 7577

	30 September 2020
---	-------------------

Handtekening Projekvoorsteller

Datum

4. PROJEK GOEDGEKEUR DEUR DIE RING

Hiermee bevestig ondergetekende (naam) PIETER NEL, in my hoedanigheid as voorsitter / skriba van die Ring van PE, dat hierdie projek op 23 SEPTEMBER 2020 deur die Ring / Ringskommissie goedgekeur is.

	30/09/2020
---	------------

Handtekening Voorsitter / Skriba

Datum

5. Beskryf die DOEL / BEDIENING van die projek volledig:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Doel

Om as gemeentes van die Ring van PE die Woord van die Here te bring aan die multi- kulturele gemeenskap in Sentraal/Richmond Hill en omgewing deur gasvryheid te bewys aan die vreemdelinge (mense van ander tale, rasse, kulture en herkoms) deur hul in te nooi in die huisgesin van God / familie van Christus; die minderbevoorregtes te ondersteun met praktiese lewens- en tegniese vaardigde, opleiding en ondersteuningsdienste wat hul beter sal toerus om in hul eie basiese behoeftes en lewensmiddele te voorsien; en om gemarginaliseerdes te help om hul potensiaal in Christus te ontdek. Uiteindelik is ons doel ook dat nuwe gelowiges dan deur die gemeente dissipel sal word om ook hul gawes en roeping in Christus te ontdek en uit te kan leef.

Projek fokus

- a) Geletterdheidsklasse en ondersteuning van skoling te verbeter.
- b) "Amended Senior Certificate" vir Matrieks
- c) Rekenaar klasse (geakkrediteerd)
- d) IT Essentials (geakkrediteerd)
- e) Naaldwerk klasse
- f) Engelse klasse aan anderstalige vreemdelinge.
- g) Kookklasse
- h) Lesse vir leerling lisensies en finansiële hulp met die verkryging van motor bestuurs lisensie.
- i) Praktiese hulp bv opstel van CVs, voorbereiding vir, onderhoude, ens.
- j) Inrigting van 'n gemeenskapsentrum (fotostate, fakse, internet dienste).
- k) Lewensvaardighede bv Work for a living van Siysibenza wat help om mense voor te berei vir werksonderhoude en om werk op 'n etiese manier te doen.

6. Beskryf die PERSONE, GEMEENTE, RING, TEIKENGROEP, INSTANSIE(S) wat by die projek sal baat en hoe dit hulle sal bevoordeel (indien nie reeds by pt 4 genoem nie)

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Implementeerders : Ring van Port Elizabeth

Die Ring van Port Elizabeth het die projek inisieer. AoHCD is die implementeerder. Buiten die finansiële hulp van die Sinode is daar baie min vrywilligers uit die ringsgemeentes wat help. Ons het dringend hulp nodig om jongmense wat ernstig deur die onderwys stelsel gefaal is met die Accelerated Senior Certificate te help. Die tipe werk is baie verrykend en die multikulturele blootstelling baie goed vir verhoudinge.

Begunstigdes (teikengroep)

Inwoners van Sentraal, Richmond Hill en omgewing - almal, ongeag taal of herkoms, wat die Here oor ons pad stuur - die wat die Here ken maar veral die wat Hom nie ken nie. Veral die vreemdes, armes, gemarginaliseerdes, ongeskooldes, veral vroue (die moeders van die volgende geslag). Baie van die mense is jong mense. (staats definisie – 20 tot 35 jariges).

Dienswerkers

Die meeste werk word tans op vrywillige basis gedoen. Daar word verwag dat die personeel en vrywilliges bemaatig sal word in hul betrokkenheid by die projek deur amptelike opleiding, en deur ondervinding wat hulle opdoen met die aanbied van klasse, en deur kruiskultureel te werk. Dit is ook so dat vrywilliges in diens van die Here dikwels baie seën of geestelike groei ervaar. Hierdie ondervinding kan ook terug geploeg word in die dienswerker se eie gemeente.

Lokalisiteit

Die gemeente van Anchor of Hope het 4 lokale vir alledaagse gebruik aan AoHCD beskikbaar gestel. AoHCD betaal nie huur nie maar moet bydra tot die operasionele kostes (bv water, elektrisiteit, sekuriteitskoste).

Voordele vir die begunstigde en hul gesin

- o Toegang tot volwasse onderrig geleenthede teen gesubsidieerde kostes.
- o Verkryging van kennis en vaardighede wat spesifiek gemik is daarop om hulle in staat te stel om beter werk / besoldiging te kry wat armoede help verlig.
- o Hulle word ook gehelp met die voorbereiding vir werksaansoeke en onderhoude.
- o Leerders met goeie potensiaal word ook aangemoedig om verder te studeer en waar moontlik word daar gepoog om om finansiële hulp vir studies te bekom bv deur Kusaidiana

Voordele vir Anchor of Hope Community Development

- o Bou van persoonlike verhoudinge met die fasiliteerders, gemeentelêde en ander leerders wat hul ondersteuningsbasis uitbrei.
- o Persoonlike betrokkenheid en "life coaching"
- o Hulle word bedien deur Christene - mense wat bereid is om 'n pad met hulle en hul gesin te loop soos ook nou gesien kon word tydens Covid -19 lock down waar kos vouchers op gereelde basis deur die gemeente beskikbaar gemaak is.

Voordele vir breek gemeenskap

- o Minder werkloosheid en gesonder gemeenskappe
- o Mooi getuigenis van goeie kruis kulturele verhoudinge - veral belangrik omdat
 - o baie mense uit Afrika lande baie slegte dinge van wit Suid Afrikaners en apartheid gehoor het en nou 'n ander boodskap terugneem na hul tuisdorpe in verskillende dele in Afrika. Baie behou kontak selfs al gaan hul later terug na hul lande.
 - o Suid Afrikane kry die geleentheid om mense uit Afrika op 'n persoonlike vlak te leer ken. Buitelanders doen moeite om die plaaslike tale aan te leer en dit bring baie meer begrip en aanvaarding. Dit bou nie net verdraagsaamheid nie maar ook vriendskappe wat die huidige gees van Xenofobie teewerk.

Voordele vir Anchor of Hope Gemeente

- o Die gemeente staan bekend as 'n plek waar mense met onderrig gehelp kan word en nie-gelowiges word reeds gelok.
- o Die gemeente het die geleentheid om nie-gelowiges in te nooi. Kinders van leerders word ook uitgenooi na die "kids club" wat maandeliks en avontuurweek wat jaarliks aangebied word.
- o Bied geleentheid vir gemeentelêde van AoH om binne veilige ruimte geestelike gesprekke met mense te voer wat dalk andersins onbereikbaar is.
- o Die gemeente groei – hoewel stadig. Baie is reeds by gemeentes ingeskakel en AoH moedig hul aan om daar hul volle gewig in te gooi

Voordele vir die Ring van Port Elizabeth

- o Gemeentes word die geleentheid gebied om kruiskultureel uit te reik na mense van alle nasies binne 'n beskermde en veilige omgewing.
- o Ondervinding wat opgedoen word kan van onskatbare waarde wees binne ook ander gemeentes.
- o Groter samewerking tussen NGK gemeentes en vrywilliges van ander denominasies.
- o Gemeentes kan ook ongeletterdes in hul eie midde, bv huishulpe, tuinwerkers ens die geleentheid te bied om te leer lees en skryf of hul skool kwalifikasie te verbeter.
- o Ringsgemeentelêde wat nie rekenaar geletterd is nie kan in groepe rekenaar opleiding boek.

7. Beskryf die STAPPE / FASES van die projek en die tydsverloop van elk

Stappe / Fases	Tydsverloop
<p>Institusioneel</p> <p>Bestuur</p> <ul style="list-style-type: none"> Die Ring moet 'n nuwe lid nomineer om op die Bestuur te dien na die bedanking van Pieter Theunissen. Dis al meer as 'n jaar wat ons navraag doen by kerke. Ons is opsoek na iemand soos 'n rekenmeester of auditeur om ons tesourier te wees. <p>Personeel</p> <ul style="list-style-type: none"> 'Die fondse vir die program bestuurder het opgedroog en die half dag pos 2 dae per week het nie gewerk nie. Dis steeds 'n behoefte maar dit moet 'n voldag of ten minste ¾ dag pos wees elke dag. Die pos sal gevul word indien befondsing hiervoor gevind kan word. Dis baie moeilik om op die ope "mark" donasies te kry vir projekte wanneer daar nie vaste personeel aangestel is nie. Bestuur wil graag die Administratiewe Beampte aanstel, maar moet haar dan 'n minimum loon betaal wat tans nie moontlik is nie. Dit sou baie gehelp het as sy vir UIF kon bydra gedurende hierdie lock down periode as sy vir TERS kon kwalifiseer. <p>Vrywilligers</p> <ul style="list-style-type: none"> Daar is tans 6 vrywilligers wat help met die klasse. Ons is baie bly om te rapporteer dat een van ons leerders ook nou 'n vrywillige is wat uithelp by die naaldwerk klasse. Die vrywilligers moet uitgebrei word na ten minste 10 of 15 vir die uitbreiding van bestaande programme. Ons grootste behoefte is vir: <ul style="list-style-type: none"> afgetrede matriek onderwysers wat met die Accelerated Senior Certificate kan help. Twee persone wat met naaldwerk kan help op Saterdag sodat hulle nie so vas is nie. 	<p>Desember 2020</p> <p>Sodra daar befondsing hiervoor is.</p> <p>November 2020</p>
<p>PROGRAMME</p> <p>Alle programme is gestaak einde Maart en begin eers weer in Oktober 2020. Sommige van die naaldwerk groep het maskers gemaak gedurende lock down.</p> <p>Volwasse onderrig (AET)</p> <ul style="list-style-type: none"> Hierdie program kry die heel minste aftrek om verskeie redes maar veral omdat leerders sukkel om die werk te bemeester sodat hulle binne 'n redelike tyd eksamens te skryf. Die program sal op aanvraag beskikbaar wees. Voorsiening word vir 2 leerders gemaak op die begroting. <p>Accelerated Senior Certificate</p> <ul style="list-style-type: none"> Hierdie is seker een van die mees belangrikste programme wat tans in SA aangebied kan word vir die duisende jong mense wat nie matriek deurkom nie of hul punte moet verbeter vir verdere studies. Daar is baie min geleentheid vir leerders om voor te berei vir die eksamens in Junie en Oktober elke jaar met die hulp van gekwalifiseerde matriek onderwysers. Die program het die potensiaal geweldig uit te brei met die regte bemarking. AoHCD benodig dringend <ul style="list-style-type: none"> ten minste 4 tot 6 onderwysers in Engels, Boekhou, Wiskundige geletterdheid, ens, wat bereid is om 2 ure per week met klasse te kom help Handboeke vir die leerders 	<p>Op aanvraag</p> <p>Januarie 2021</p>

<p><u>Geakkrediteerde rekenaar klasse (programme) en IT Essentials kursus</u></p> <ul style="list-style-type: none"> o Aanbied van ten minste 1 gesubsidieerde rekenaar klas van 15 studente elk wat voorsiening maak vir registrasie, handleidings, lisensie fooie ens. o Benodig 10 nuwe rekenaars. o Antivirus o Cloud backup server o Tans 1 student vir IT Essentials - insentief - instrumente om mee te werk) 	Deurlopend
<p><u>Naaldwerk klasse</u></p> <p>Daar was 39 leerders aan die begin van 2020 wat gehelp is om kledingstukke vir volwassenes en kinders te maak asook ander projekte soos inkopiesakke en opvoedkundige materiaal boekies vir kleuters. Die klas benodig</p> <ul style="list-style-type: none"> o Een of 2 vrywilligers om te help met die onderrig en as dit moontlik is iemand wat met die bemarking en uitbou van 'n gemeenskaps besigheidjie kan help. o Befondsing vir 3 nuwe overlockers (R3,300x3) o Basiese gereedskap (bv naalde spelde, gare, skêr ens) vir gereelde en presterende leerders sodat hul tuis kan werk (20 x R250) o Fondse vir stalletjies - (R100 x 6 geleenthede) <p>Marinda het gereel dat die naaldwerk groep hul produkte verkoop by 'n tweede handse winkel in Newton Park. Die eienaar neem geen kommissie nie. Ons hoop dat die besigheidjie sal groei sodat die leerders hul inkomste hierdeur kan aanvul.</p>	Deurlopend
<p><u>Engelse klasse vir anderstaliges</u></p> <p>Nuwe materiaal word ontwikkel vir vlak een en twee. ACE materiale sal ook gebruik word. Die fasiliteerder beoog om van meer video materiaal gebruik te maak. Daar is geleentheid vir een op een onderrig na afloop van die klassies met studente wat dit so reel. Die fasiliteerder sal 'n evaluasie moet doen met die leerders om te verseker dat die klasse meer aftrek kry. Meer aandag sal geskenk word aan bemarking van die klasse.</p>	Deurlopend
<p><u>Bestuurslisensies</u></p> <ul style="list-style-type: none"> o Fondse moet bekom word om te help met 'n R1,500 bydrae tot leerling en bestuurslisensies vir ten minste 10 persone o Aankoop van simulator (R140 000) is absoluut essensieel aangesien vrywilliges nie bereid is om hul karre te gebruik om mense met "rytyd" te help nie. Ons kan meer klasse aanbied as ons meer vrywilligers het 	Klasse 4 x per jaar vir 4 weke.
<p><u>Kook klasse</u></p> <p>Die klasse is reeds 'n jaar aan die gang maar moet na ten minste 10 maar verkieslik 15 uit te brei en om leerders te help om hul vaardighede te gebruik om "catering" te doen om 'n addisionele inkomste te verdien. Ons benodig:</p> <ul style="list-style-type: none"> o potte, panne, kombuis gereedskap. o befondsing vir bemarking, addisionele eletrisiteit en o Donasies van droë bestandele. 	Weekliks gedurende die kwartaal
<p><u>Siyasibenza - "work 4 a living"</u></p> <p>Ons wil baie graag die program by AoHCD aanbied op 'n gereelde basis. Ons moet 2 persone laat oplei reeds in 2018 om die klasse te kan aanbied. Dis 'n duur kursus (R16,000 per persoon) Meer aandag moet geskenk word aan die werksoek aspekte (bv hulp met CVs ens) Maak nie deel uit van ons begroting nie.</p>	Hang af van befondsing

BEFONDSING Daar moet ten minste 4 befondingsaansoeke per jaar voorberei word om volhoubaarheid te verseker maar die meeste donateurs vereis voltydse personeel. Ander opsies sal oorweeg moet word soos miskien samewerking met oorsese kerke. Ons wil dit graag ondersoek.	1 per kwartaal
---	----------------

8. Beskryf die HULPBRONNE wat vir die projek benodig word

8.1 Projekspan

Name van Lede	Van waar (gemeente, ander)
VRYWILLIGERS Voltydse Vrywilligers Adrienne Strydom (ontvang honorarium) Marinda Noeth (ontvang honorarium) – gestaak tydens lock down Graham Ries - (ontvang honorarium) Cariena Strydom - voorheen honorarium ontvang – tans gestaak. Ad hoc vrywilligers Liesel du Plessis Joan Stoltz Fred Strydom Nog meer vrywilligers (ongeveer 6) word benodig om 'n totaal van 10 of meer vrywilliges te hê Vrywilligers word benodig om programme uit te brei	AoH gemeente AoH Gemeente Ander Ringsaanwysing AoH gemeente AoH gemeente
PERSENEEL Program koordineerder - dis nie op die begroting nie - ons sal apart hiervoor moet probeer fondse werf	Slegs indien befondsing gevind kan word

8.2 Toerusting

Beskrywing van toerusting	Hoeveelheid
Rekenaar klasse - 10 rekenaars	10
Bestuurslisensies Vehicle Simulator (R130 000) - dis nie deel van die begroting nie ons sal aparte fondswerwing hiervoor moet doen	1 (afhangend van befondsing)
Naaldwerk <ul style="list-style-type: none"> o "Overlockers" o Accessories (20 leerders) 	3 20
Kookklasse <ul style="list-style-type: none"> o Potte, panne, mengbakke, elektriese klitsers en kleiner benodighede 	verskeie

8.3 Ander

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

Hierdie is 'n Ringsprojek. Ons wil regtig vra dat Ringsgemeentes hul lidmate vra om te oorweeg om by enige van die projekte betrokke te raak. Ons het nodig dat mense ons help met

- Voorbidding
- Hulle tyd en kundigheid om as vrywilligers te dien op enige terrein. Ons probeer altyd om ons vrywilligers se skedules te akkommodeer - hoe meer vrywilligers natuurlik hoe makliker is dit om dit te doen.
- Bydraes bv kombuis gereedskap vir kookklasse, omkapmasjiene en materiaal vir volwasse kledingstukke, staandertjies wat maklik kan opslaan om klere en naaldwerk produkte uit te stal wat maklik vervoer kan word, 'n padwaardige kar vir mense om mee te oefen vir die rybewyse, ens - enigiets wat die Here op mense se harte lê
- Maandelikse bydraes soos 'n geloofsgelofte offer al is dit R2000 per maand. Dit sal baie help
- Aspekte wat nie ons hoofdoel is nie – bv goeie en ordentlike klere, linne, matrasse, komberse – daar is groot nood onder ons leerders.

8.4 BEGROTING

8.4.1 INKOMSTE uit ander bronne

Besik die Ring / Gemeente / Projek oor ANDER BRONNE VAN INKOMSTE (bv uit ringsfondse, bydraes van gemeentes, ens.)? Beskryf asb:

Bron	Bedrag
Donasies (gereelde skenkers elke jaar)	R66 000
Bydraes van studente	R7 500
Voorgestelde Ringsprojek	R80 000
Ander befondsers moet nog identifiseer en aansoek voorberei (simulator uitgesluit)	R199 500
Rente	R290
TOTAAL:	R353 290

8.4.2 UITGAWES

Sit die uitgawes verbonde aan die projek uiteen:

Begrotingsitem	Bedrag
AET	R4 800
Accelerated Senior Certificate	R3 000
Rekenaar laboratorium (o.a 10 nuwe rekenaars)	R67 000
Geakkrediteerde rekenaar opleiding	R32 900
IT onderhoud	R5 000
Naaldwerk	R17 600
Bestuurslisensie (sonder simulator)	R17 400
Kookklasse	R9 750
Engelse klasse	R3 500
Siyasibenza (opleiding) Net as fondse van elders verkry kan word	R0
Personeel (honorariums en skoonmaker kostes)	R119 400
Oorhoofse kostes (sien onderstaande)	

• Water & elektrisiteit	R24 000
• Versekering	R6 720
• Sekuriteit	R6 720
• Skryfbehoeftes	R3 000
• Drukwerk vir bemarking	R3 500
• Mweb & Website	R8 050
• Bankkoste	R6 000
• "petty cash	R1 800
• Institusionele kostes	R9 850
• AGM	R1 500
• ANDER (spesifiseer asb): Sundries	R1 800
TOTAAL:	R72 940

8.4.3 BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word

Totale koste van die projek (pt 8.4.2 hierbo):	R353 290
MIN Bedrag beskikbaar uit ander bronne (8.4.1 hierbo):	R273 290
TOTALE BEDRAG waarvoor aansoek gedoen word:	R80 000

8.4.4 SKEDULE van uitbetalings:

Datum	Bedrag
Maart 2021	R40 000
Julie 2021	R40 000

9. ANDER SAKE wat oorweeg moet word:

Tik binne die blokkie en wees volledig asb. Die blokkie sal outomaties "rek" om voldoende spasie te verskaf.

- Die Here bring mense uit baie nasies na ons stad toe. Elkeen van ons het nou 'n geleentheid om vanuit ons eie gemeentes mense te dien met ons tyd en kundigheid - om mense deur gewone gesprekke, ons lewe en voorbeeld na Jesus te lei.

Nota:

Hierdie vorm is ontwerp om **per rekenaar** ingevul te word. Vind dit by - www.ngkok.co.za/ring/rp-rekenaar.doc
 Die vorm vir persone wat dit **per hand** wil voltooi is beskikbaar by - www.ngkok.co.za/ring/rp-hand.pdf